

DIE AFSTROPINGSMOTIEF IN DIE POESIE VAN

ELISABETH EYBERS

deur

Susan Marié Gouws (née Van Coller)

Voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(Afrikaans-Nederlands)

in die Fakulteit LETTERE EN WYSBEGEERTE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOER ONDERWYS

STUDIELEIER: Mn. L.S. Venter

VANDERBIJLPARK

1979

WOORD VOORAF

Dit is vir my 'n voorreg om dank te betuig aan prof. T.T. Cloete en prof. P.D. van der Walt onder wie se besielende onderrig ek my studies kon voortsit.

Ek is veel dank en erkentlikheid verskuldig aan my leier, mnr. L.S. Venter, vir sy besondere leiding, aansporing en hulpvaardigheid.

My dank aan my ouers vir hulle liefdevolle ondersteuning en aanmoediging gedurende al my studiejare.

Aan my man en kinders, vir hulle liefdevolle onderskraging en aanmoediging, my oopregte dank. Graag dra ek hierdie werk aan hulle op.

My diepere dank en erkentlikheid aan my Skepper vir sy oneindige genade.

S.M. Gouws

VANDERBIJLPARK

20 Desember 1979

I N H O U D S O P G A W E

INLEIDING

HOOFSTUK 1

| | | |
|-------|--|----|
| 1.1 | Terminologiese opmerkinge | 1 |
| 1.1.1 | Definisies van die term "motief" | 1 |
| 1.1.2 | Motief as herhalings- en patroonbegrip | 3 |
| 1.1.3 | Motief as 'n gegewe binne en/of buite die enkelgedig? | 7 |
| 1.1.4 | Samevatting | 11 |
| 1.2 | Die onderlinge samehang tussen gedigte vs. gedigoutonomie .. | 11 |
| 1.3 | Die werkwyse van die motiefondersoeker | 23 |

HOOFSTUK 2

| | | |
|-----|---|----|
| 2.1 | Inleidend: algemene literêre beskouings oor Elisabeth Eybers se poësie | 28 |
| 2.2 | Die term "afstroping" | 33 |
| 2.3 | Afstroping as motief | 37 |

HOOFSTUK 3

BELYDENIS IN DIE SKEMERING

| | | |
|-----|---|----|
| 3.1 | Inleiding | 39 |
| 3.2 | Afstroping: 'n versoek aan die lewe | 39 |
| 3.3 | Afstroping: die soeke na die eie kern | 43 |
| 3.4 | Afstropingsbegrippe met 'n hoë frekwensie | 48 |
| 3.5 | Slot | 50 |

HOOFSTUK 4

DIE STIL AVONTUUR EN DIE VROU EN ANDER VERSE

| | | |
|-------|---|----|
| 4.1 | Inleiding: Die stil avontuur | 52 |
| 4.1.1 | Vervulling t.o.v. die afstropingsmotief | 52 |
| 4.1.2 | Vervulling/vervuldheid | 54 |
| 4.1.3 | Die vervullingsgedagte in verskeie gedigte, ook geïroniseer | 56 |
| 4.1.4 | Gemis: 'n voorwaarde vir vervulling | 62 |
| 4.2 | Inleiding: Die vrou en ander verse | 65 |
| 4.2.1 | "bloed en worsteling": 'n voorwaarde vir vervulling | 65 |
| 4.2.2 | Slot | 71 |

HOOFSTUK 5

DIE ANDER DORS EN TUSSENSANG

| | | |
|-------|---|----|
| 5.1 | Inleiding: Die ander dors | 74 |
| 5.1.1 | Van afstroping tot suiwering | 75 |
| 5.1.2 | Afstroping: verdere voorwaardes | 87 |
| 5.1.3 | Slot | 95 |
| 5.2 | Tussensang. Afstroping: 'n verposing by 'n gegewe | 98 |

HOOFSTUK 6

DIE HELDER HALFJAAR

| | | |
|-----|---------------------------------|-----|
| 6.1 | Inleiding | 101 |
| 6.2 | Afstroping: 'n kulminasie | 102 |
| 6.3 | Slot | 111 |

HOOFSTUK 7

NEERSLAG

| | | |
|-----|---|-----|
| 7.1 | Inleiding | 113 |
| 7.2 | Afstroping: 'n nuwe konsekwensie | 113 |
| 7.3 | Job: 'n wegneemgedig | 114 |
| 7.4 | Afstroping: 'n in die verhouding met 'n ander | 116 |
| 7.5 | Slot | 117 |

HOOFSTUK 8

BALANS

| | | |
|-----|---------------------------------|-----|
| 8.1 | Inleiding | 118 |
| 8.2 | Afstroping: die resultaat | 118 |
| 8.3 | Slot | 124 |

HOOFSTUK 9

ONDERDAK

| | | |
|-----|---------------------------------|-----|
| 9.1 | Inleiding | 125 |
| 9.2 | Afstroping: 'n teenpool? | 127 |
| 9.3 | Ironie as stropingsmiddel | 132 |
| 9.4 | Slot | 134 |

HOOFSTUK 10

KRUIS OF MUNT

| | | |
|------|-------------------------------|-----|
| 10.1 | Inleiding | 135 |
| 10.2 | Afstroping: versoening | 136 |
| 10.3 | Afstroping gefironiseer | 141 |
| 10.4 | Slot | 146 |

HOOFSTUK 11

EINDER

| | | |
|------|--|-----|
| 11.1 | Inleiding | 148 |
| 11.2 | Afstroping: 'n terugtrekking | 149 |
| 11.3 | Afstroping: geen einde maar 'n begin | 151 |
| 11.4 | Slot | 154 |

HOOFSTUK 12

'N WYER BLIK: AFSTROPING IN NATUUR EN KUNS

| | | |
|------|--|-----|
| 12.1 | Inleiding | 156 |
| 12.2 | Afstroping in die natuur | 156 |
| 12.3 | Afstroping rondom die kunstenaarskap | 164 |
| 12.4 | Slot | 171 |

HOOFSTUK 13

AFSTROPING T.O.V. DIE VORMLIKE: 'N SAMEVATTING

| | | |
|-------|---|-----|
| 13.1 | Inleiding | 172 |
| 13.2 | Afstroping: woordgebruik, samestellings, herhalings | 172 |
| 13.3 | Afstroping en rym | 175 |
| 13.4 | Afstroping en die parentese | 176 |
| 13.5 | Afstroping en die verletterliking van die woordbetekenis .. | 177 |
| 13.6 | Afstroping en ontkenning | 179 |
| 13.7 | Afstroping en die voorvoegsel ont- | 181 |
| 13.8 | Afstroping en beeldvermoë | 182 |
| 13.9 | Afstroping en die versvorm | 183 |
| 13.10 | Afstroping en die gebruik van die hoofletter | 184 |

| | | |
|-------|--|-----|
| 13.11 | Afstroping en die gebruik van die uitroepteken | 184 |
| 13.12 | Afstroping en die romantiese toonaard | 186 |
| 13.13 | Slot | 187 |

HOOFSTUK 14

| | |
|---------------------------------------|-----|
| SLOTBESKOUING EN GEVOLGTREKKING | 189 |
| BIBLIOGRAFIE | 191 |

INLEIDING

Dit is 'n inherente vereiste van 'n motiefondersoek dat dit met 'n groot korpus moet werk, anders kan 'n bepaalde voortgang nie geïllustreer word nie. Die waarde van 'n motiefondersoek lê ook daarin dat dit 'n bepaalde progressie in die werk van die betrokke digter aandui. Met progressie word nie hier 'n reglynige ontwikkeling bedoel nie, maar o.a. verdieping, variëring, kontraswerking, omkering, ens. 'n Motiefondersoek kan iets laat blyk van patroon en verskeidenheid in 'n skrywer se werk: aan die een kant die patroon in die verskeidenheid en aan die ander kant die verskeidenheid in die patroon.

In hierdie studie kom al elf bundels van Elisabeth Eybers wat tot op hede verskyn het, onder bespreking. Dit maak die omvang van die studieveld geweldig wyd, maar om die hele gang van die afstropingsmotief te kon bestudeer, was dit nodig dat al die bundels betrek word. Ek het my ook gehou aan die chronologie van die bundels. By sommige digters kan 'n motiefprogressie beter aangedui word juis deur af te wyk van die bundelvolgorde. Die feit dat Elisabeth Eybers se bundels qua titel en motiefweefsel uit die vorige bundels "groeï", is genoegsame rede waarom ek nie die chronologie van die bundels deurbreek het nie. In dié verband skryf F.I.J. van Rensburg (1971: 120): "Daar is 'n ontwikkelingsgang in haar werk wat 'n mens, agteraf besien, byna logies-noodwendig kan noem, 'n voltrekking fase vir fase, volgens 'n duidelik-waarneembare plan".

Anders as studies waar op 'n enkele bundel of op enkele gedigte toegespits word, is 'n oeuvre in hierdie studie die studieveld. Tog moet daar ook

seleksie toegepas word: sekere gedigte wat vir die motief kerngedigte is, word uitgesonder. Hierdie gedigte bied hulself as't ware aan en is dus nie na willekeur gekies nie. Hierdie kerngedigte word dan enigsins uitvoeriger bespreek. Verskraling word teëgewerk deurdat steeds substansiërend na ander gedigte verwys word. Gedigte wat min of geen steun gee aan die afstropingsmotief nie, word weggelaat. Daar is ook gedigte wat lyk of hulle die hele ontwikkeling stuit of terug laat loop; ook hierdie gedigte is weggelaat, omdat dit die omvang van die studie te wyd sou maak. Tog toon die ondersoek dat 'n groot aantal van die beste gedigte in Elisabeth Eybers se oeuvre ontwikkelingsgewys, variërend, kontrasterend, ens. verband hou met die motief van afstroping. Kwantitatief en kwalitatief het ons na my mening dus hier met 'n substansiële gegewe in haar werk te make.

Die grootste enkele gebrek van 'n motiefondersoek is dat die behandeling van die gedigte nie te uitvoerig kan wees nie. Waar moontlik, het ek wel gepoog om die kerngedigte enigsins breedvoerig te bespreek en dan ook tot 'n evaluasie van die gedig te kom. Dit is ook verder so dat 'n gedig in 'n motiefondersoek net vanuit een hoek bekyk word, wat die uitspraak daaroor beperk. As motiefondersoeker pretendeer ek derhalwe in die behandeling van die gedigte geensins volledigheid nie.

In Hoofstuk 1 gaan ek kortliks in op die begrip "motief" en wys op probleme én waarde verbonden aan 'n motiefondersoek.

Hoofstuk 2 is 'n inleidende hoofstuk oor Elisabeth Eybers se poësie en die begrip "afstroping".

Afstroping kan op vele niveaus werksaam wees, byvoorbeeld afstroping rondom die religie, afstroping rondom die menslike bestaan, afstroping in die natuur en afstroping rondom die kunstenaarskap. In Elisabeth Eybers se poësie is die religieuse geen belangrike motiefgegewe nie. Dit blyk dat afstroping rondom die menslike eksistensie die rykste ontginningsmoontlikhede het, en daarom handel Hoofstukke 3 tot 11 oor hierdie niveau van afstroping. In hierdie hoofstukke word die ontwikkeling van die afstropingsmotief rondom die mens chronologies deur al haar bundels nagegaan.

In Hoofstuk 12 bespreek ek oorsigtelik twee ander niveaus waar afstroping geld: afstroping in die natuur en afstroping rondom die kunstenaarskap. Dit is slegs 'n wyer blik en geen volledige bespreking nie.

Deurgaans word daar in die bespreking van die gedigte ook gewys op afstroping t.o.v. die vormlike. Dit is egter dikwels net terloopse verwysings waarop daar ter plaatse nie dieper ingegaan word nie. Hoofstuk 13 is 'n samevatting van die vormlike aspekte wat in die voorafgaande hoofstukke ter sprake gekom het.

Hoofstuk 14 is 'n slotbeskouing en gevolgtrekking.